

HOOFSTUK V.

HOE DIE BEWEGING BEGROET WERD.

Toe die Genootskap van Opregte Afrikaners eenmaal opgerig was, het hulle met krag opgetree en die een geskrif na die ander uitgegee, totdat *Die Afrikaanse Patriot* sijn verskijning in Januarie, 1876, gemaak het als maandblad in klein formaat. Joe: toe moes 'n mens 'n waterval van woorde hoor—nie om die beweging toe te juig nie, maar om dit te bespot en te vertrap. Als 'n mens 'n kringetjie van mense langs die straat sien staan en een van hulle lees iets voor, wees dan maar verseker, dat dit die Patriot is wat hij lees, terwijl sijn hoorders daarvoor lag en spot. Als iemand jou met 'n laggie teenkom en roep: “Wag, kijk hier; ek wil jou iets wijs!” glo dan maar dat dit die Patriot is wat hij wil wijs. En dit is gedoen deur persone wat die saak ten goede wil bekend maak of spotters wat meer verbeelding van hulle self als denkvermoë besit het.

Sodra iemand probeer om uit *Die Patriot* iets voor te lees om te wijs dat die geskrijwe is in die taal net soos ons dit praat, dan ontmoet hom 'n gebrul: “Aag, man, weg met daardie hotnotstaal. Wie praat so? En sou ons ook so praat, hoef ons dit tog nie so te skrijwe nie.”

Is dit 'n wonder dat die Patriot nie meer als vijftig (50) in-tekenare kon krij nie? En daar was in die begin maar net 'n paar wat die sedelike moed besit het om Afrikaans vir daardie blaadjie te skrijwe.

Dog die saak werd 'n saak van gebed gemaak en verskeie male het lede bepaal om ieder afsonderlik op sekere tije die saak voor God te leg.

Sommige spotters het moeg van spot geword en het later in-tekenare geword. Die grootste steun het egter van die platteland gekom, waar die bevolking minder onder Engelse invloed was en

die saak wen bij die dag veld; die lijs van intekênare werd langer. Die Sinode het twee dae oor die Patriot staan en redeneer en het hom ten slotte veroordeel.

Die Patriot het maar min genade gevind in die oë van sij tijdgenote. Die "Colesberg Advertiser" maak dit uit vir " 'n vuile lor." Die "Cradocksche Afrikaner" sê: "Daar het blad in 'n taal geschreven is geschikt voor halve barbaren, nemen we zelden de moeite het te lezen. De gehele geschiedenis van Die Patriot is armzalig. Halfgeleerde Griquas zullen zeker smaak vinden in het blad."

Maar wag, laat Oom Lokomotief sêlf sij storie vertel, dan kan ons sien of die taal so erg geskik vir Grikwas en Hotnots was (sie "Patriot" 6 Des. 1878). Hij sê: "Ons het dag en nag gewerk vir die saak, haas bowe ons swakke vermoge, sonder enige beloning, alles met die oog op die toekoms. En nou dat dit lijk of ons moeite haas sal beloond worde, ten minste deur erkenning en dank, nou wort ons eers gehaat en gesmaad van verskillende kante."

Let op wat hij verder sê, dit werp 'n lig op die voortbrenghels van die Eerste Skrywers uit daardie tydperk:—

"Ons het 'n blad opgerig teenoer die sterkste vooroordele en bitterste teenstand. Ons het begin met minder as 50 intekênare; sonder geld; sonder invloed. En binne 3 jaar tijd is ons blad so toegeneem, dat hij nou mar 3 Hollandse koerante ken in heel Suid Afrika wat meer intekênars het as hij en gen een wat so druk en graag gelees word nie. En as sijn intekênars so blij toeneem, sal dit nie lang duur nie of hij is die ander verbij. (Dit het so gekom. —G. R. v. W.) Nou die grote meerderheid van ons intekênars is mense wat nooit ver koerante ingeteken het nie. En ons dog al die tijd, dat die man 'n grote weldaad aan sijn volk bewijs wat hulle tot lees breng. Deur in die taal van die bevolking 'n blad uit te gé, het ons nie alleen lees-lus, maar wat nog meer seg oek skryflus opgewek bij onse bevolking. Week op week blij 'n boel briewe o'êrlê, wagtende op plaas. Die mense voel dat hulle nou nie langer soos doofstomme hoef te sit nie. Dis iets wat alle teenstanders tot nog toe nie kon, of nie wou sien nie. Hulle hou

mar daarop: “die mense kan goed Hollands *verstaan*.” Nou ons het honderde getuigskrifte dat dit in die regel nie so is nie. Mar dan nog, al sou ons dit toegé, dan vraag ons nog: hoeveel van onse bevolking kan hulle *uitdruk* in Hollands of Engels? ’n Taal is tog net so goed ’n voertuig om jou gedagte uit te druk, as om ’n ander sijn gedagte te verneem. Dit het al ons teenstanders tot nog toe misken, en daar is nie een wat dit in staat is ons posiesie op die punt te bestrij nie. Die bevolking voel dan oek die mag, daarom noem hulle “Die Patriot”: “ons koerant.” En daarom skrywe hulle so fluks daarin en begin hulle gedagtes uit te spreek. Ons dag dat dit ’n grote weldaad is om ’n volk, wat verstandelik geboeid was, in die ergste slavernij, die tong los te maak dat hij sijn regte kan verdedig.”

Wel, laat Oom Lokomotief verder vertel hoe “Die Patriot” se ander boeties hom bejegen het:

“So sou ons kan vortgaan. Mar dis onaangenaam om ge-noedsaak te wees om op sijn eie dade te wijs. Mar hier is dit noodzaklik; want die ander koerante doen dit nie: hulle haat en smaad ons so veul as hulle kan. Buiten ’n paar distrikskoerante, wat uitkom net ter wille van die advertensies, kan ons net die “*Zuid Afrikaan*” noem as ’n blad wat ’n onpartijdige stilswijge bewaar het, wat die redaksie aangaat; mar die korrespondente het die stilswijge goedgemaak deur daarin gal teen ons uit te braak so veul as hulle kan. Korrespondensies teen ons daarin alleen bij mekaar gedruk sou ’n mooi groot boekdeel uitmaak. Dan die “*Volkblad*” maak ’n gunstige uitsondering in die laatste tijd. Eers wou die blad volstrek ons nie erken nie, en nou erken hij tog dat “Die Patriot” opgang maak bij ’n “deel der bevolking”; dat hij druk geleses word, ens.”

Bogenoemde koerante was dus die vriendelikste boeties wat “Die Patriot” gehad het. Laat ons nou weer iets van die ander klomp hoor:

“En dis nou al genade,” so gaan Oom Lokomotief voort. “Verder is dit vuur en vlam. ’n Hele resiment van vijande staat rondom ons. Eers wou hulle ons *dood swijge* deur gen notisie van ons te neem nie. Mar nou dat die saak te sterk toeneem,

wort die vijandskap openbaar en nou wil hulle ons doodslaan of doodtrap soos een van hulle geseg het.

“ Ons seg ’n resiment vijande het ons rondom ons. Pas dreig die “ *Argus* ” ons met Engeland sijn lange arm en sware hand of die “ *Cape Times* ” wil ons doodtrap met ’n lompe Engelse voet. Skaars het hij ons gelos of die “ *Graaff Reinets Advertiser* ” verguis ons met die hardste woorde wat hij kan krij en toon dat hij ons sou vergruis als hij kon. Nouwliks begin die “ *Transvaler* ” te erken dat ons ver hulle regte pleit of die “ *Volkststem* ” maak ons veragtelik, ten minste so ver als hij kan. Sijn onmag is pas geblyk en die “ *Patriot* ” begin net mooi wortel te skiet in die Vrijstaat of die “ *Express* ” wil ons met wortel en tak uitroei as hij kan. En nader kom die vijande en nouwer word die sirkel nes hulle ons wil dooddruk. Daar vlieg meneer W. van Richmond op nes ’n reus Goliath en tel sijn magtige penneswaard teen ons op. “ *Zuid-Afrikaan*,” “ *Volkstblad*,” en “ *Era* ” moes sij orakels teen ons uit basuin (gewillig of nie?) “ *Colesberg Advertiser* ” voel die selfde woede, mar het niks te sê nie, en neem dus een van die drogredes van W. sijn stuk o’er. Die “ *Era* ” voel weer dat W.’s stuk laf en kragteloos is en neem nog die lastertaal van die “ *Express* ” o’er. Mar né, hulle kom nog nader. Ds. van R. en die kerkraad van P. val ons in ons eie blad aan. In een woord: ons sou in die laatste tijd net die hele “ *Patriot* ” wekeliks kan vul met wat daar direk of indirek teen ons geskrijwe wort.”


Dit is die taal wat die “ *Patriot* ” gebruik het en dit is die taal, wat vir al wat sleg is, werd uitgeskel.

In die volgende hoofstuk sal ons die vraag behandel “ Wat het die “ *Patriot* ” so snel laat vooruitgaan?” Hierna sal ons ’n uittreksel van die eerste inleidings artikel gee om in die eerste plaas die soort van taal aan te gee en tweedens om kennis te maak hoe Oom Lokomotief sijn intekenare behandel het en hoe nouw hij met hulle verbonde was.



D. F. Du TOIT (Lokomotief) was maar die ou staatmaker van die Afrikaanse Taalbeweging. Hij was die eerste om sijn naam openbaar te maak as die Redakteur van "Die Afrikaanse Patriot." Moenie praat van al die taai kopskote wat hij moes verdra nie! Teen geringe betaling, wat hij nie eens al maande kon ontvang nie, het hij volhard. Daarom was hij met sijn vriendelikheid "Oom Lokomotief, ons het jou so lief."

President F. W. REITZ, digter en skrywer. Hij het reeds voor die Afr. Taalbeweging begin Afrikaans te skrywe. Sijn digstukkies uit daardie tijd, wie ken dit nie? Hij was destijds Hoofregter van die Vrijstaat en was dus die eerste geleerde wat met die Afrikaanse Taalbeweging meegegaan het—hij het die saak dus 'n vinnige stoot gegee deur ander moed in te boesem om mee te gaan; ook het hij die onderneming geldelik gesteun.



HOOFSTUK VI.

“DIE AFRIKAANSE PATRIOT” GROEI ONDER
VERDRUKKING.

“Die Afrikaanse Patriot” is die Moeder van die Eerste Skrywers van Afrikaans! Daar het wel destijds, na die verskijning van die “Patriot,” enige skrywers buite om die Genootskap op die toneel verskijn, maar hulle het ’n taal en spelling gevolg wat tussen Hollands en Afrikaans geleë was en wat vandag nie als suiwer Afrikaans sou bestempel word nie. Daardie skrywers het nie hulle doel deur ’n manifes of verklaring duidelik aan die publiek, soos die Genootskap, gemaak nie. Uit die aard van die lektuur moet afgelei word dat dit meer vir tijdverdrijf en geselligheid vir sekere inrigtings bestem was. Hoe dit ook al mag wees, dit het mense gebrei om hulle aan Afrikaans te gewen; want daardie skrywers het geleidelik tot Afrikaans teruggekeer en het hulle van de Hollandse aanhangsels vrijgemaak. Dit kan egter nie ontken word nie, dat die vordering, wat Afrikaans buite om die Genootskap gemaak het, aan die invloed van die “Patriot” te wijte was.

Die “Patriot” het sijn eerste verskijning in Januarie 1876 gemaak, was in klein formaat—heel wat kleiner als “Die Brandwag”—gedruk teen £3 5s. vir ’n oplaag van 200 eksemplare en gedruk bij die drukkerij van die “Zuid Afrikaan,” Kaapstad. Later het hij sijn eie drukpersie gehad en toe hij als weekblad uitkom, het die publiek hom ’n snelpers present gegee. Hij het met minder als 50 intekenare begin. Die vaste skrywers was (natuurlik in geheim) Ds. S. J. du Toit, C. P. Hoogenhout, D. F. du Toit (Lokomotief), en D. F. du Toit (Dokter)—ander korrespondente het bij die dag toegeneem. Later werd Ds. Jan Lion Cachet ’n vername skrywer in die blad. Jammer maar

dat hij so ver af gewoon het, n.l. te Philipstown, en daarop te Steynsburg en Burgersdorp. Die skrywer hiervan was van einde 1876 tot 1879 soos gesê uit die Paarl, daarop had hij twee kantore—een aan die Paarl en een te Calvinia—en het sijn tijd tot 1883 tussen die twee plekke verdeel; maar het intussen al die westelike distrikte van die Kaap weer besoek met opmetings van plase, so kon hij die “Patriot” alleen dien als naamlose korrespondent. In 1883 is hij vir goed naar Transvaal vertrek, dog het in tussen die Paarl verskeie keer besoek. In 1891 het hij hom van die “Patriot” onttrek, wegens die politieke houding van die blad. Daarna het hij sijn aandag aan “Ons Klijntjie” en “Ons Taal” gewij totdat daardie twee tydskrifte ophou bestaan het. Dat ons bijdrae in daardie tydskrifte soms onsamehangend was, is daaraan te wijte dat ons een stuk aan die Paarl geskrywe het, die volgende in Piquetberg, ’n ander in Portugees Mosambiek, dan weer die volgende in Natal, Vrijstaat, Swasieland of Soeloeland. Natuurlik had ons die vorige stukke nie voor ons gehad nie; vandaar dat sommige stukke onsamehangend lees. Dit is soveel als wat die skrywer hiervan van hom in sijn eie arbeid in hierdie geskryf sal sê. In 1903 het hij sijn oë verloor.

Daar is seker baing van die lesers van “Die Brandwag,” wat ’n kikkie in die allereerste “Patriot” sou wil hê. Ons gee hier ’n deel van die Inleiding van die eerste uitgawe; daarin sal die taal en strewe duidelik op die voorgrond tree.

“Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom? Ja, Afrikaners! ’n koerant in ons eie taal! Dit het baing moeite gekos om so vêr te kom: dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks perde: hulle wil mos nie glo nie dat ons een eie taal het nie. Die ou’e Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollandse* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o’ertui’e gaat net so moeilik, as om steeks perde te leer pronk in die voortuig. Ons wil nou met ons “Patriot” aan die wereld wijs dat ons wel de’entlik een taal het, waarin ons kan sê net wat ons wil.

“Afrikaanse Patriot!” Ja, dit is die naam van ons blad! Een beter naam kan ons nooit krij nie, want een “Patriot” is een flukse vent, en so wil ons ons koerant ook maak:—klein maar fluks.

“Afrikaanders! vraag julle altemetters wat daar in die koerant sal te lees wees, of, in andere woorde, hoe ons die blad sal inrig? Kijk dan, hier is die plan:

1. Een Inleiding. 2. Afrikaanse Correspondensie. 3. Afrikaanse Geskiedenis. 4. Afrikaanse Gedigte. 5. Afrikaanse Taalkennis. 6. Een maandelikse o’ersig van die voornaamste nuus. 7. Vra’e en antwoorde.

No. 1. Die *Inleiding* skryf ons selwers o’er belangrikke sake.

No. 2. Afrikaanse Correspondensie is ver julle om te skrywe. Julle kan Afrikaanse briewe en stukke opstuur. Druk op dat dit help! Die grootste gros van ons nasie was, tot nog toe, so’s doofstomme gereken. Dis hulle vertel: “Julle het geen taal nie.” In ’n seker sin was dit so. Want die meeste Afrikaanders het nie so veul Hollands, of Engels geken dat hulle daarin goed kan praat of skrywe nie, want dis ver ons tvee vreemde tale en ons het nog geen tijd en skole gehad om vreemde tale te leer nie. En ons eie taal was nog nie erkend nie. So moes meer as een Afrikaander, wat *gees* en *verstand* het, stil blij, omdat hij *geen taal* het waarin hij hom kon uitdruk nie. En die Hollandse en Engelse taal, wat hij daartoe wou gebruik, kom hom net so sleg te pas as Sauls wapenrusting ver David. Né, jonge Afrikaanders! gôï nou weg die vreemde wapenrusting nes David! Vat julle slinger! En gôï elke vijand, al is hij so groot as Goliath, teun die grond. Ja, nou kan elke Afrikaander skrywe wat hij wil in sijn eie taal. Wat traak ons nou verder met Hollandse spraakuns of Engelse woordeboek. Nou skryf ons nes ons praat en seg net wat ons wil. Kom nou voor ’n dag, verborge perls en diamante! Waarom langer onder die vreemde stof begrawe en niet vreemde yoete vertrap? Kom uit nou Afrikaanders! en laat ons sien of Afrikaanders nie net so veul gees het as enig ander nasie op die wereld nie! Waarom moet ons hart langer die graf

wees van ons gedagte? Kom uit! Skrywe julle taal! Hulle skrywe wel Kaffertaal en Boesmangeklap teenwoordig. Waarom ons taal dan gesmoor? Kom uit! Ons weet daar is gees genoeg: dis nog net mar verborge!

No. 3 is ook ver julle—ons sal saam werk.

No. 4 is ook ver julle. Julle kan nou rijm of dig dat dit nie maklik is nie. Jonge Afrikaanders! julle kan mos fluks rijm! Stuur julle gedigte, kêrels. Stuur mar! Die wat een beter gedig stuur as “Ons Volkslied,” die krij van ons ’n pluimpie. En die wat foute maak, dis niks nie, ons sal hom reg help.

No. 5 is ver julle en ver ons same om te skrywe o’er ons taal. Een taal is een ding wat nie soemar kant en klaar uit die hemel val nie. Kijk mar Hollands en Engels, hoe ’t hulle dit eers geskrywe en hoe nou!

No. 7 is vir ons Intekenaars. Elke intekenaar het reg om enige vraag in ons blad te doen en elke intekenaar het reg om een maal daarop te antwoorde—mits alles onder toesig van die Redaksie.

Is daar nog Afrikaanders wat vra wat ons doel is? Ons antwoord is:

Om te staan ver ons taal, ons nasie en ons land. Is daar spotters? (daar is seker baie). Spot mar fluks op! Ons troos ons daarmé; hulle spot uit DOMHEID! Alle dinge word bespot. Stoom is mé gespot. Gaslig is mé gespot, ens. En sal die Afrikaanse taal dan vrij loop? Een Regte Afrikaander sal nie spot nie en dis ver Regte Afrikaanders—Afrikaanders met Afrikaanse harte — wat ons voor skrywe en nie ver spotters nie!

Ons sal an die Editeur van die “*Zuid Afrikaan en Volksvriend*” (Onse Jan Hofmeyer—G.R.v.W.) altijd dankbaar wees ver die hulp en vriendskap, wat hij ons betoon het en nog bewijs.

En nou: Klein begin, aanhou win. Dis mar een al te ware woord. Een babetjie kan ’n reus worde. En waarom sou die “*Afrikaanse Patriot*” nie een Afrikaanse reus kan worde nie? En met die gegronde hoop en die welgemeende wens stuur ons die eerste nommer van die “*Patriot*” die wereld in. En skree

al wat ons kan, en roep ieder "Regte Afrikaander" toe om ook saam te skree: "Hoerê vir die "Afrikaanse Patriot!"

"Afrikaanse Patriot" bô'e!!

"Hip, hip, hip hoerè!!!"

Tot so ver die Inleidingsartikel van die eerste "Patriot." Daar stap die kleine bladje 'n onbarmhartige wêreld in om daar vrinde te maak. Hoe hij in die koue wêreld ontvang werd, het ons reeds korteliks aangestip. Maar hij kon nie altijd 'n vreemdeling blij nie, want hij was besield met 'n suiwere Afrikaanse gees en was gekleed in die volks-karakter, namelijk kort en bondig, sonder naar geleerdheid te strewe, in eenvoudige taal geskrijwe, wat duisende maklik kon verstaan; want baing—indien nie die grootste gros van ons bevolking nie—het maar 'n paar jaar skool gehad en hoe? President Kruger en Generaal Joubert het so dikwels vertel dat hul hulle boeke naar die veld moes neem om agter die vee te leer. So het ons met ons eie oë baing, baing, gesien. Het hulle thuis praktiese meesters saands gehad? Nou laat ons die minder bevoorregtes naar ons eie maatstaf meet en vra: Watter lektuur was vir ons die mooiste toe ons slegs 2 en 3 jare skool gehad het? Kon ons Hollands of hooggeskrijwe Afrikaans oor die taaiste onderwerpe verstaan het? Denk hieroor! En hoe kan sommige nog beweew ons mense lees te min. Gee hulle leesstof, wat hulle verstaan en kijk of hul dit nie sal verslinder nie. Die "Patriot" Drukkerij het 152,100 boekies verkoop. Hulle werd almaal oor en oor gelees. Deur wie? Deur mense wat nooit vroer 'n koerant of boek in hande geneem het nie. Dus, juis die eenvoudige voortbrenghsels van die Eerste Skrywers het nie alleen leeslus, maar ook skrijflus, bij ons verwaarloosde en minder bevoorregte mense opgewek. En glo daar is vandaag nog baing wat glad nie lees nie, en wel: omdat hul nie lang taai geskrewe artikels oor taai onderwerpe kan vat nie. Dus ons sal ons moeg preek om te sê: lees! lees!! lees!!!

Daar is nog 'n vername ding, wat nie uit die oog moet verloor word nie, en dit is dat gesprekke van dorpelinge oor ander onderwerpe loop als die gesprekke wat op die platteland gevoer word. Gedurende die korte tijdjie, wat die dorpeling op die boerplaas

deurbring, of die buiteman in die dorp, skik die een tydelik sig naar die ander; maar op die lange duur verval so iets en die een begin die ander te verveel. Dit moet met skryfwe ook in ag geneem word.

Ja, dan word beweer: die buitemense laat hulle kinders te min skool gaan. Als iemand smôrens langs die strate van 'n dorp stap, dan is dit heel pragtig om al die kinder gesiggies in trams, met karretjies, of te voet naar skool te sien gaan. Hierdie geriewe geniet die buite kinders nie: hulle moet met hulle donkie-karretjies in die winter, als die wêreld spierwit met ryp bedek is, voor son op van huis om in tijds op skool te wees, wat soms 5 of 6 mijl ver geleë is. In die somer als hul naar huis kom oorval hul in hulle ope karretjies soms 'n vreeslike donderstorm met bliksem en hael vergeseld. Voor vol spruite of riviere word hul in die reën vir ure opgehou om papnat thuis te kom. Bij ander geleenthede moet hul hulle vader buiten skoolure help—wat dorpskinders op 'n buiteplaas so mooi vind. Maar waar is daar tijd om lesse te leer? Bediendes swerm dorp toe en die kinders moet bijspring om die vader te help om iets te verdien—daar is maar een saai-en maai-tijd.

Soos ons bo in die Inleidingsartikel gesien het, het die "Patriot" die stelling neergelê: "Skryf soos julle praat." Waardeur gewin werd: In die eerste plaas, dat die Redaksie die taal van die hele land voor sig het; in die tweede plaas werd daardeur bekend watter lektuur die meeste verlang, en in die derde plaas werd woorde en uitdrukkings aan die daglig gebring, waarmee die Redaksie onbekend was. Van die woordeskat het Dr. Mansvelt en mnr. Pannevis (beide gebore Nederlanders) en Ds. S. J. du Toit versamelinge gemaak en in druk uitgegee. Die Eerste Skrywers het hul aan hulle ingeslae skryfwijse min of meer gehou—altijd met die doel om die volk tot lees te bring. Hulle het gereken dat die opkomende geslag niks beter onderwijs als hulle ouers sou ontvang nie en gevolglik onder dieselfde minder voorregte moes gebuk gaan. Word die jong span nie gehelp nie, dan kom dié ou toestande weer terug.

Toe die "Patriot" 8 maande oud was, had hij agmaal so veel intekenare als in die begin. Van toe af krij hij sowat 400 intekenare per jaar bij (in 1878 was daar 950). In 1881 werd daar 3,700 gedruk. Die intekenare het steeds toegestroom tot omtrent 1890. Daarna bedank hul bij groot getalle, omdat die blad die Rhodespolitiek, uitbreiding naar die Noorde, goed gevind het. Adendorf had 'n konsessie in Masonnaland. Dit was net so geldig als die van Rhodes in Matabeleland. Toe die Transvalers en Vrijstaters onder Kol. Ignaas Ferreira met mnr. Adendorf optrek om van die reg besit te neem, werd die burgers onder Kol. Ferreira teruggedroep, ooreenkomstig skikking met die Hoë Kommissaris getref, waarop Rhodes die landstreek formeel in besit neem. Die ding dat die "Patriot" die Masonna-grondgebied liewers in Engelse hande als in Afrikaanse sien, terwijl hij altijd tevore so oor die anneksasie-gees van Engeland geskrywe het, het werklik die intekenare van die "Patriot" dronk geslaan. Ons almaal wat £20 aan die blad op wissel geleen het (waarvoor ons die blad gratis ontvang het) het die wissels op 90 dae kennisgewing ingeroep om die "Patriot" op sij oue paaie te dwing; maar dit wou nie help nie, en so moes die "Patriot" deur sij Rhodes politiek en uit gebrek aan geld en ondersteuning in Sept. 1904 val. *Maar nie ter wille van die taal nie!* Maar wel ter wille van *sij politiek* waarteen sij ondersteuners sterk gekant was. 'n Ander rede was sij opvatting van die Brandsiekwet en die oorlog.

Die drukkerij aan die Paarl rig toe weer 'n ander blad op onder die naam van "De Kolonist," dog hierdie blad, het na 'n paar maande, oor dieselfde Rhodespolitiek geval. Hoe Ds. S. J. du Toit ook al met die lesers verskil het, kan niemand hom van voorliefde vir die Engelse beskuldig nie. Oom Lokomotief en mnr. C. P. Hoogenhout het nie met die Rhodes politiek meegegaan nie.

Dit alles het die wederoprigting van die "Patriot" onmoontlik gemaak.

Dit wijs duidelik aan dat Ds. S. J. du Toit die *siel* was van die hele Taalbeweging:—mnr. Pannevis het wel die basuin tot

ontwaking geblaas en die vaandel vooruit gedra, waarop Ds. du Toit die voortouw (nes Napoleon) gevat het, bijgestaan deur sijn twee dappere veldmaarskalks, C. P. Hoogenhout en D. F. du Toit (Oom Lokomotief), wat net soos Ney en Soult amper Napoleon gelijk was. En toe Napoleon verban werd, werd die strijd verslap—om later weer dapper hervat te worde—maar deur die jongere geslag.

HOOFSTUK VII.

“DIE AFR. PATRIOT, ONS KLIJNTJIE” EN “ONS TAAL.”

Die Patriot-tijdperk is seker die interessantste gedeelte van die hele eerste Taalbeweging. Daarin kom baing treffende ontwakings en ander gebeurtenisse voor.

Eerstens die geweldige teenstand op kerkelik en maatskappelik gebied. Die Kaapse Sinode het twee dae geredetwis oor die Patriot en daarop het hulle duisende boekies in al die gemeentes onder die mense versprei om tog nie die blad te ondersteun nie. Dit het, in plaas van afbreuk te doen, die Patriot 'n paar duisend intekenare besorg. Die Patriot had destijds maar sowat 2,000 intekenare en die vervolging het die getal haas verdubbeld. Natuurlik het die Transvaalse Vrijheidsoorlog van 1880-1881 ook gehelp. Dit gaat altijd so als geprobeer word om 'n nasionale beweging te onderdruk.

Tweedens was dit belangrijk om te sien, hoe die mense ontwaak het.

Derdens hoe die taal sig ontwikkel het.

Vierdens om op te merk hoe teenstanders hulle swaarde in die skeie gesteek het.

En vijfdens om te betreur dat so'n gewigtige saak terwille van politiek voorlopig op sij moes gestoot word.

Die redaksie van die Patriot het net soos Martin Luther die taal bij die volksmassa gaan seek. Die stelling was: ons skryf soos ons praat. Toe Luther die Bijbel vertaal het, het hij naar die vergaderinge, die huismoeder en, die kinders op straat, die marke en bijeenkomstes gegaan om te luister hoe die volk die taal praat. Die doel en strewe van die Eerste Skrywers was om die kloof tussen spreek—en skryftaal nie te wijd te stel nie. Hulle het getrag als grondbeginsel neer te leg om die Afrikaanse taal te ontwikkel en op te bouw volgens die Nederlandse stam en het nie gesoek om ons woordeskat te verrijk deur die Latijnse stam nie. Soveel moontlik het hulle woorde soos energie, soliditeit, affiliasie, alternatief ens. probeer te vermij. Dit is *taalkriekies* hierdie, wat ons mense op die platteland—en ook baing dorpelinge—hoor sing, maar hulle weet nie waar die goedjies presies sit nie. Sommige van die nuwe lig noem dit die taal veredel, die taal beskaaf. Bog! Hoe kan iets wat edel en beskaaf gebore is nog veredel en beskaaf word? Ons kan wel ons taal ontwikkel en opbouw—net soos enige ander ding. Die Eerste Skrywers het nie uit die oog verloor nie: toe die Hollandse gesag in Suidafrika opgehou het, het nie alleen ons taal in Suidafrika sij eie rigting gevat nie: maar die taal in Holland het nie stil blij staan nie en het sij eie koers gevat — ieder naar eie volkskarakter en denkwijse. Waarom moet nou juis ons taal, wat naar ons aard en karakter is, gebuie word naar sij verwantgenoot in Holland? Als die skrywers daarmee volhou, dan verloor ons taal sij eienaardige volkskarakter en op die ou end sit ons met 'n skryftaal wat nie veel van Hollands verskil nie, terwyl spreektaal in Afrika nie so maklik sal uitgeroei word nie. Ons moenie vergeet nie: die grote gros van ons bevolking gaan nog nie gebuk onder 'n oormate van hoër onderwijs nie. Dus als die taal wegens sij eie hulpbronne ontwikkel word, dan hou ons tred met die ontwikkeling van ons verwaarloosde nasie. Die Eerste Skrywers het hulle woordvoeging en woordskikking naar ons eenvoudiger Afrikaanse stijl en nie naar die hoër ontwikkelde Hol-

landse stijl gereël nie. | Om die gees en karakter van die Afrikaanse Taal te bewaar: dit was die grootste strewe van die Eerste Skrywers. Daarop moes gebou worde. Sommige van die teenwoordige skrywers verstaan die kuns net so uitstekend en het 'n groot sukses van suiwer Afrikaans gemaak.

Maar omtrent die strewe van sommige nuwe skrywers om ons Afrikaanse Taal te veel te verhollands, aan hulle sal ons die waarskuwing gee, wat die Patriot aan sij skrywers meegedeel het. Mnr. Pannevis, 'n Nederlandse taalgeleerde, het sig also in 'n samespraak in die Patriot in 1882 uitgedruk, nadat hij ons daarop gewijs het, dat die Hollander 'n ander manier van denk en uitdrukking besit.

“ Denkt men dan dat het tegenwoordige Hollands even zuiver is als het oude waarvan het evenals onze taal afstamt? Neen, vraag er de taalgeleerden naar; zij zullen U zeggen hoe ook dat Europese Hollands gedurende de tijd, dat onze taal haar ontstaan en vorming verkregen heeft, achteruit is gegaan; en zo wij verbasterd Hollands spreken, de Hollanders onzer dagen doen evenzo. Ja, ik heb eenmaal de geleerdste man in ons land horen zeggen, dat ons Afrikaans in sommige opzichten meer bij de oude moedertaal gebleven is dan het Hedendaagse Hollands.”

Ook het die Eerste Skrywers vermij om sulke Hollandse woorde te gebruik, wat in Hollands 'n ander betekenis besit als in Afrikaans, soos *vaak*, *trots*, omdat ons van *vaak* praat als ons slaperig voel, *trots* als iemand hoogmoedig is. In die spreektaal word die woorde bij ons nooit in die Hollandse betekenis gebruik nie. In Hollands word gesê: “'n ding is zoek geraakt.” Ons sê: “'n ding is op soek.” Ons Afrikaans is mos net so goed, nie waar nie?

Wat die verhollands van Afrikaans betref, het die Patriot beslis geantwoord. Hij was op die bewering van die beskawing (?) van Afrikaans so bitter teen als komme kan:

“ Ons sal veeleer besluit om die Patriot heeltemaal taalkundig, maar in eenvoudig Hollands uit te gé, as om 'n mengelmoes daarin toe te laat. En wel om die volgende redes:

(a) Dan het ons gin vastigheid onder ons voete nie; die een wil dit weg hê, 'n ander weer dat en so voort, totdat ons eindelik weer niks anders het als Hollands.

(b) Dan pas juis die verwijt van die vijande op ons wat hulle ons nou ten onregte wil voorhou, n.l. dat ons 'n nuwe taal wil maak, wat gin sterfling kan doen nie."

" Hoog Hollands is te hoog,
 daar kan ons nie bij nie;
 Afrikaans is te laag,
 daar wil ons nie blij nie,
 En tussenin kan ons
 gen vaste grond krij nie."

Dit het die redaksie van die Patriot gesê en ons weet almaal dat die skryftaal—wat spelling en gebruik van woorde betref—in die handpalm van die redaksie berus.

Een ding, wat alle lesers van die Patriot getref het, was die nuwe omgang wat tussen Oom Lokomotief en die lesers van sijn blad bestaan het. Die rijmers het nooit moeg geword om te rym:

Oom Lokomotief,
 Ons het jou so lief!

Hij het notiesie geneem van die geringste skrywer, en was daar plek in die blad genoeg gewees, sou hij misskien—met min uitsonderinge—al die korrespondensie geplaas het en wel om die mense aan te moedig om te skrywe—want die man wat graag skryf, lees dan ook meer om te weet hoe in vervolg beter te skrywe. Toe Oom Lokomotief in sijn blad vertel, hoe swaar hij en 'n paar voormanne dit krij om alles te bekostig, toe het die lesers vrijwillig bijgedra om die saak te bevorder.

Met soveel geskifte uit alle oorde van die land val maklik vir 'n leser om die volkskarakter daar uit op te maak. Opvallend is dit, dat ons bevolking vir ieder gesigspunt in ons veld 'n betekenisvolle naam het. Laat dit wees soos dit wil, net een of twee woorde is genoeg om iemand die juiste vorm of toestand daarvan bekend te maak. Maar hulle *droom* nie daaroor nie. Bijv.

'n blom is vir ons mense mooi; hulle het ook 'n goeie naam daarvoor; maar daar is min wat daaroor nadenk dat Salomo in al sijn heerlijkheid nie gekleed was soos een van die veldlelies nie. Die koppies wat rustig die wag oor die velde hou, is goed om op te gaan sit en vee en wild daarvandaan te bespioen. 'n Bewijs hiervan is die eerste gedigte. Maar moenie denk, dat daardie bergrante, koppies, bulte, vlaktes, laagtes, klowe, komme, spruite, riviere, vleie, panne, rotse, kranse, nekke, poorte, ens. ens. nie 'n invloed op die gees en gemoed van ons volk uitgeoefen het nie! Die berge, koppies en vlaktes is vrij, vrij onder 'n blouwe hemel, gehuld in vrije sonnestrale. Dit alles spieël sig af in die drang om vrij te wees. Lees die eerste gedigte maar. Wat ons mense daar sien is die tasbare berge en dale, die tasbare waterstrome en waterpasse: waarom is beeldspraak nodig? Kijk maar naar die gedigte verder. Hier is gin see, nes in Holland om mee te worstel nie. Hier krui die oswa oor die vlaktes, of beklim onge- maakte paaie oor berge; maar hulle skuif voort. Daarom het ons nasie 'n afkeer van langdradige aanhoudende gesprekke. Netnou sê hij: "praat gouw, want ek woon ver." Of anders: "Toe, sê wat jij te sê het, want ek wil loop"—al gaan hij bij die eerste die beste plek weer 'n kort diskoers aanknoop. Dus ons mense hou bepaald nie van lang geskrewe stukke, waarvoor hulle baadjie moet uittrek om dit deur te worstel nie. Om oor ingewikkelde onderwerpe te moet lees het die grote gros van ons mense nie die voorreg geniet om lang op skoolbanke te sit nie—lang stukke is vir ons volk vervelig.

Sij verstand het vrij en frank ontwikkel. Als jagter van ongedierte en wild is hij 'n soldaat wat nie bang is nie. Op die trek het hij geleer om op sijn eie bekwaamheid te steun. So is hij dokter, smit, wamaker, timmerman, messelaar, boer, en als dit al is, dan ook predikant. In sijn voorttrek was hij ver in die minderheid teen barbaar en ongedierte; dus moes hij op Gods beskerming hoop en daarom bid. Dus hij het hom nog nie so ver verneder om met godsdiens te spot nie.

'n Fout werd gevinde met die Eerste Skrywers, dat hul onge- kuisde taal gebruik het. Maar dit vind 'n mens bij die eerste

skrywers van alle volke en die rede is hierin te soek: dat als iemand van 'n vlooi praat, dan is dit onbeskaaf, maar hij mag wel van 'n vlieg praat. Dis niks om van 'n koei te praat nie; maar pasop om van 'n bul te praat. Iemand kan sê: "dis leuenagtig"; maar "dis waagagtig," dan is dit vloek. In die opvoeding word hom geleer wat te sê en nie te sê nie. Dus hij word geleer hoe om in die sitkamer te praat. Alle dinge is geoorloof; maar alle dinge is nie oorbaar nie.

Maar op die platteland, waar die mense met ander toestande omringd is, daar word soms dinge wel als oorbaar beskou, wat in dorpe afgekeur word. En nou om met eens die kloof te wil oorbrug, val nie so gemaklik nie en enige toegewendheid op hierdie gebied is nodig. Die strewe van die Eerste Skrywers was om die kind in sijn eie taal te leer praat en dan hom tot 'n beter besef te bring. Kijk maar watter woorde kinders wil gebruik! Noem jii 'n ander woord, vat hul nie dadelik jow mening nie en jii moet soms teen beter wete die kind se eie woorde weer gee. Maar die kind word groot!

Dan, soos ons reeds aangemerkt het, het ons taal daar veel bij gewen om te laat skrywe soos gepraat word. Ook het ons tevore in hierdie skrywe gesê dat omtrent driekwart van suiwer Afrikaanse woorde en uitdrukkings van die platteland afkomstig is. Ons meen reg in ons bewering te wees. Waar is die Afrikaanse Taal gebore?—Op die betrekkelike klein stukkie grond, wat deur die vrije burgers en Hugenote beset werd, n.l. vanwaar Bergrivier in die see loop, langs Bergrivier op tot sijn oorsprong in Franshoek. Vandaar met die Hottentot-Holland-berge (wat nou ander name dra, soos Franshoekberg, Drakensteinberg, Stellenbosch se berge, Helderberg, en Sir Lowry Pas se berge) tot waar dit in die see loop. Vandaar met die seekus tot Bergriviers mond. Dis daarom dat ons so min afwijking in Afrikaans het, omdat die burgers so na aanmekaar gewoon het. In die Hollandse tijd was op daardie stuk grongebied Kaapstad, Stellenbosch en Paarl die enigste stad en dorpe. Die Maleise slawe was in groter getalle op die boerplase. Die taal (Maleis-Portugees) werd nog lang

op die boerplase gepraat. So het ons nog in ons kindsdae ons oupa, Nikolaas von Wielligh, Dirk Stofberg en ou aia Leentjie, 'n ou slavin, die taal hoor praat. Nou dit werd reeds deur Prof. Hesseling aangetoon, hoeveel Maleis-Portugees op ons taal sij invloed uitgeoefen het. In hierdie hoofstuk het ons hierbo 'n klomp benaminge aangegee vir gesigspunte op ons velde. Daardie woorde is van egte Hollandse afkoms; maar baing daarvan besit nou ander betekenis as in Hollands. So lees ons nog onlangs in 'n Hollandse vertaling van Robinson Crusoe, dat die eiland, waarop Robinson was, *onbewoond* en *sonder velde* was. 'n Afrikaner sou sommer gesê het: "Nee, man, die hele eiland is dan mos *een veld*." Ons benaminge vir veldtonele is so toepasselik dat dit gin omskrywing nodig het nie: 'n ieder van ons weet wat bedoel word deur: 'n *platrant*, 'n *bosrant*, 'n *maanhaarrant*, 'n *kliprant*. *Rooi* en *swart turfgrond* beteken ook heel iets anders als in Hollands. 'n Trapsuutjies, of verkleur-mannetjie word in die wêreld en tuine aangetref. Eweso 'n koggelmannetje, *ouvolk* ('n groot skurf akerdis), *geitjie*, *hamelstert* of *dakgeitjie*. Waar is nog die name van wild, voëls, blomme, bosse, plante, kruipende diere. Met die benaming van minerale staan ons 'n bietjie agter—so baing soorte klippe word ijsterklip genoem, ook sandklip word toegepas op enige kwartsagtige klipsoorte. Selfs die naam vuurklip word aan baing soorte klip gegee. 'n Boer sukkel nie lank om 'n stuk nuwe gereedskap 'n naam te gee nie. So hoor ons van skoffelploeë, skottelploeë (*disc plow*), skottel-eg ens. 'n Gramafoon noem hij 'n praat-masien. Op hierdie manier kan ons tot vannaand toe aangaan. Als 'n dier op die plaas siek word, spoedig het die siekte 'n toepasselike naam. Sij tong steek vas als hij antrax vir *bloedsiekte* moet sê, of doriesia vir die Australiese-luis, of *vidalia* vir die lieweheersbesies. 'n Vreemde woord word soms lelik verbrou, so het ons altijd op die buiteplase van *Bromkatjies* vir *Bronchitis* hoor praat; maar nou dat ons vir 'n 14 dae gelede 'n ligte ontsteking in die longpijp had en luister hoe 'n roggelgefluit ons lugpijp maak, wat ons dadelik aan brommende katjies laat denk, toe sê ons met eens: "Ei, die naam van Bromkatjies is vir hierdie siekte nie so sleg nie."

Wel, hoe dit ook al mag wees, die Eerste Skrywers het daaraan vasgehou: als 'n seker woord in dieselfde sin in Afrikaans deur die grote gros van die bevolking gebruik word, dan word dit als suiwer Afrikaans beskou, soos sulke woorde: Muishond (Hollands busing), krimpvarkie, stekelvarkie of rolvarkie (H. egel), perske (H. perzik), vir (H. voor), soos (H. zoals), nes (H. net zoals), ens. Maar wat ons nou nie kan regkrij nie is: waarom moet: vollens (H. volgens), mar (H. maar), wanner (H. wanneer) ens. nie als suiwer Afrikaanse woorde beskou word nie, terwijl die grootste gros, ja alle Afrikaners dit gebruik en so uitspreek—die geleerdes net so wel als ongeletterdes? Waarom is hierdie woorde noodwendig onbeskaaf (?), terwijl hul net so gereed en gewillig is om ons in ons spreektaal als die woorde vir, gin, deur, oë te help? Dus, die Eerste Skrywers het die laaste klas ook als suiwer Afrikaans bejegen; want hulle is uit dieselfde fatsoenlike ouers stam gebore.

Teen invoer van Engels was die Eerste Skrywers bepaald gekant; want dit was onnodig, daar ons 'n Nederlandse woordeskat tot ons beskikking had—natuurlik waar ons Afrikaans kort kom. Dog reeds het die Engelse taal hier en daar vaste voet gevat, soos: 'n brief te pos (to post a letter), brekfis (breakfast), tram (tram), platvorm (platform), ens. Eenmaal voet gevat was dit onmoontlik hul uit te jaag!

Om 'n taal tot skryftaal te verhef gaan dit net soos met die oprigte van 'n gebouw. Vir die fondament moet die ruwe klippe gemeet en gepas worde om die regte plekkie te vinde—dit vereis tijd en geduld. . Als die fondament-klippe vasgelê is en met sement gevoeg is, dan begin die opbouw met bakstene. Die stene het nie veel kap nodig nie; maar die skietlood en waterpas geld nou als die vernaamste werktuie. Dan kom die lijswerk en die krulwerk tot versiering van die gebouw. Hiervan kan ons versekerd wees dat die Eerste Skrywers egte Afrikaanse klippe en goeie Afrikaanse sement gebruik het. Die fondament lijk ruw; maar is sterk, en kan baing verdiepings bo hom dra.

Omtrent "Ons Klijntjie" het ons nie veel te sê nie; daar ons reeds die vernaamste punte onder die Patriot-tijdperk bespreek

het. In 1896 werd 'n Taalkongres aan die Paarl gehou om vraagstukke aangaande die Afrikaanse Taal te bespreek. Die kongres was verteenwoordig deur afgevaardigdes uit *alle* dele van die Kaap Provinsie—selfs uit Vrijstaat en Transvaal. Dit is natuurlik die regte manier om 'n skryftaal vas te stel; want die taal is tog die eiendom van die hele volk, waarin hul 'n seggensreg ten alle tye behoort te hê. Op die kongres was taalgeleerdes sowel as praktiese manne. Ds. S. J. du Toit en Prof. Ds. Jan Lion Cachet het toe die voortouw daarop gevat. Die laasgenoemde het die naam van “Ons Klijntjie” voorgestel; want dit was op hierdie kongres waar die oprigting van 'n Afrikaanse tydskrif voorgestel werd. Onder andere werd die gebruik van sekere woorde en die spelling van andere vasgestel. Hierdie kongres werd in 1897 deur 'n ander gevolg. “Ons Klijntjie” was 'n tydskrif en nie 'n koerant nie. Sij vooruitgaan was ook snel, en sij inhoud werd druk gelees. Vir hooggeleerdes was hij nie bedoel nie; maar om jong mense en die onbevoorregtes, op skoolgebied, te gemoet te kom. Die strewe van die skrywers was om kort stukkes te lewer oor verskillende onderwerpe. Naar geleerdheid werd nie gesoek nie; want niemand sou dit daar gaan soek het nie; maar wel om leeslus op te wek en daarin het hij volkome geslaag. Die Anglo-Boeroorlog het hom baie belemmer, want die mense wou toe net oor oorlog gesels. Die val van “Ons Klijntjie” was nie aan enig ander oorsaak toe te skrywe nie als aan die oorlog en sleg opbetaal van intekengeld, wat maar 5s. per jaar was, dus die invorderings van sulke klein rekeninge sou meer gekos het als die verskuldigde bedrag, so werd daaraan niks gedoen nie.

Toe “Ons Klijntjie” van die toneel verdwyn was, was daarin Afrikaanse koerant, of tydskrif, om die eerste beweging voort te set nie, so het skrywer hiervan dit in 'n brief aan mnr. Ernst J. du Toit (aan wie die drukkerij behoort) betreur, en toe ons weer op sij kantoor kom sê hij: “Ek het jouw brief ontvang en daaroor nagedenk: die nuwe naam deur jou voorgestel, “Ons Taal,” geval mij nogal, en ek het besluit om die saak weer met nuwe moed en ijwer aan te pak.”

Dus die eer van die oprigting van " Ons Taal " kom toe aan mnr. Ernst J. du Toit (broer van D. F. du Toit, Dokter). Ewe als met " Ons Klijntjie " ook so met " Ons Taal," het Ds. S. J. du Toit die redaksie op hom geneem.

Die val van " Ons Taal " was ook te wijte aan slegte opbetaling van intekengelde—intekenare genoeg; maar betalers min!—dit kan, glo ons, die meeste koerante en tydskrifte getuig.

Alvorens ons hierdie hoofstuk eindig, wil ons nog eens terugkom tot Ds. S. J. du Toit, wat die hart en siel van die Afrikaanse Taalbeweging was. Ons was innig met mekaar bekend en ek kan eerlik getuig dat die man, bo sijn kragte, vir die heil en vooruitgang van die beweging gewerk het—sonder vergoeding en soms moes hij van sijn boeke uit sijn boekerij verkoop om geld te vinde om die nuttige saak voort te drijwe. Op politiekgebied het vele later met hom verskil. Maar ons saak is immers nou gin politieke saak nie! Laat politiek in ons strewe vaar! En gee die man eer, wat eer verdien het, namelijk, Ds. S. J. du Toit. Laat sijn naam hoog staan. Laat sijn as op Kleinbosch, Dal Josaphat, in vrede rus. Die nageslagte sal nog altijd sijn roembesing en die vrug van sijn arbeid pluk. Laat die 14 Augustus, 1875, altijd vir ons en die nageslagte 'n betekenisvolle dag wees. Die beweging het immers moed, werk, opoffering en gebede gekos en die loon was sjaam, miskenning en bitter haat!

Broeders en Susters in die strijd vir ons taalregte!

Op hierdie terrein ontmoet die Eerste Skrywers die Nuwe Beweging. Knap, volmoed en ijwerig het die Nuwe Skrywers die tweede beweging aangepak. Veel het hul reeds uitgerig en verkrij. Daar was nie baing uit die eerste beweging, wat saam met die tweede beweging in die nuwe skuit ingespring het nie. Was die oues dan moeg en afgemat? Of het die tweede beweging in die begin die werk van die eerstes misken? Of was dit te wijte aan die val van die Patriot? Ons het voëltjies in die rigting hoor sing. Maar dis nie in ons bedoeling geleë om iets oor hierdie vrae te sê nie. Ons wil maar net tesame spog oor die ontmoeting van die twee bewegings.

In "Ons Taal" het van die nuwe skrywers, o.a. mnr. J. H. de Waal, Prof. Brümmer en andere die ou skrywers kom opsoek. "Ons Land" se Kersfees Nummer was ook 'n yeld van ontmoeting, so ook "Die Brandwag." Blij was die Eerste Skrywers, toe hierdie tijdskrifte die werk van die ouere op prijs gestel het. Hulle waardeer die erkenning ten volle. Als ons so spreek, dan is ons die mondstuk van die ou skrywers met wie ons oor hierdie onderwerp gedagtes gewissel het.

Net soos die koraal, diep in die see, sijn bouwerk in die geheim aan die rotse begin, net so moes die ou Genootskap van Regte Afrikaners hulle werksaamhede in geheim aanvaar. Ewe als die koraal in getalle toeneem fluks opbouw tot hulle bouwerk bokant die golwe uitsteek om die stroom van teenstand te stuit, net so het die ou Genootskap volhard tot die son van voorspoed op die vrug van hulle arbeid geskijn het. Daar het die ruwe onderbouw 'n einde geneem. Ewe gereed het die nuwe beweging van hieraf die werk hervat, en hulle bouwerk maak reeds 'n mooie vertoning. Gaan voort op die ingeslae weg! Gebruik in opbouw ons eie Afrikaanse materiaal sonder hooi of stoppels daarby te voeg; want daar kom 'n dag dat die werk sijn proef met vuur sal moet deurstaan.

Maar weet, ons het hard gepleit vir daardie gedeelte van ons mense, wat hulle eiendomsreg van geleerdheid nog nie ontvang het nie, en ons sal hard blij pleit. Waar die ou beweging die bevoorregtes op skoolgebied verbij gestap het, lijk dit dat die nuwe beweging nie die nodige ag op ongeletterdes slaan nie. Laat hierdie punt nie die aandag in die toekoms ontglip nie! Volgens ons nederige beskouing: laat 'n koerant of tijdskrif liewers die naam dra dat sijn voortbrengsels nie so deftig gekleed is nie en dat hij die volksmassa leer lees en skrywe het, als om te roem op die hoë gehalte van letterkundig produk wat net deur die weinige geleerdes toegejuig word. Skryf vir alle klasse. Ons moenie iemand alleen kos voorsit nie, maar ons moet ook weet of hij daardie soort kos wel kan eet en baasraak.

Alle voorspoed vir die nuwe beweging. En geluk met die behaalde sukses! Julle het knap skrywers en denkers.